**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 AUGUSTUS 2020 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN036/08/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom in die vergadering.

***

**BKN037/08/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN038/08/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar gesamentlik dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN039/08/2020**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERINGS GEHOU OP VRYDAG 24 JULIE 2020 EN DINSDAG 28 JULIE 2020**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergaderings, soos gehou op Vrydag 24 Julie 2020 en Dinsdag 28 Julie 2020, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM. ROSENBERG)***

***

**BKN040/08/2020**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP VRYDAG 24 JULIE 2020 EN DINSDAG 28 JULIE 2020**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN041/08/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN042/08/2020**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

**KENNIS GENEEM VAN DIE VERSLAG VAN DIE INTERNE OUDITEUR**

***

**BKN043/08/2020**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededeling:</u>

<u>Leed</u>

Dat Oud-Minister Piet Meyer oorlede is en wens die families sterkte toe wat geliefdes in hierdie tyd aan die dood afgestaan het.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat sy op versoek van die Speaker kontak gemaak het en dat die Departement van Gesondheid bevestig het dat die huidige NEHAWU vreedsame protesaksies nie tans dienslewering in die Bergrivier Munisipale Gebied beïnvloed nie.

Die Nasionale NEHAWU – staking word beplan vir Donderdag 10 September 2020.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN044/08/2020**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PLANNING PARTNERS: PIKETBERG PRECINCT PLAN</u>**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur lei die item in en stel die afvaardiging voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en amptenare.

Die afvaardiging doen 'n virtuele visuele voorlegging en gee 'n breedvoerige uitleg van die dorpsareas met gepaardgaande konsepvoorstelle.

Raadslid Daniels bedank die afvaardiging vir die voorlegging en die goeie werk wat die onderskeie rolspelers gedoen het, met betrekking tot die opstel en saamstel van die plan.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die visuele voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede versprei word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN045/08/2020**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN046/08/2020**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: KONSEP EKONOMIESE HERSTELPLAN</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel B)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in. Addisionele inligting word deur die Munisipale Bestuurder gegee.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die volle Raad die konsep Ekonomiese Herstelplan oorweeg en goedkeur.

***

**BKN047/08/2020**
**<u>AANSUIWERINGSBEGROTING 2020/2021</u>**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Mrs. S Crafford, gave a brief summary of the item under discussion. Additional information was given by the Chief Financial Officer.

Various inputs and comments were given by the Committee members.

**<u>RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That the first annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2020/2021, be approved:

    i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);

    ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);

    iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);

    iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;

    v. Table B6: Budgeted Financial Position;

    vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;

    vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

    viii. Table B9: Asset Management;

ix. Table B10: Basic service delivery measurement;

x. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

**BKN048/08/2020**
**DEELNAME AAN FEDERALE PROGRAM 2022 - 2026 SAAM MET STEDEBAND GEMEENTE HEIST-OP-DEN-BERG**
**15/3/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die volle Raad in-beginsel goedkeuring verleen dat Bergrivier Munisipaliteit weer deelneem aan die volgende rondte van die Federale Program van die Europese Unie (2022 – 2026) as aansoeker saam met ons Stedeband Gemeente van Heist-op-den-Berg in België en dit aanbeveel aan die Raad vir goedkeuring.

***

**BKN049/08/2020**
**AFSKRYF VAN ALLE SKULD OUER AS 1020 DAE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking. Bykomende inligting word gegee deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gegee deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die residensiële diensteskulde, besigheid diensteskulde en ontwikkelaars diensteskulde apart vervat word in ‘n hersiende lys en weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir bespreking/oorweging;

2. Dat die residensiële diensteskulde soos vervat in die aangehegte lys afgeskryf word; en

3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste ’n verslag by die volgende Staande Komiteevergadering van die Finansiële Dienste voorlê vir bespreking/oorweging met betrekking tot die besighede en ontwikkelaars se diensteskulde.

***

**BKN050/08/2020**
**KREDIETBEHEER STRATEGIE**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gegee deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en beoogde kredietbeheer- en skuldinvorderingsaksies vir 2020/2021; en

2. Dat die volgende aansporingsmaatreëls goedgekeur word:

   2.1 Verbruikers wat agterstallig geraak het met hulle dienste rekeninge gedurende die Covid-19 pandemie, die kans kry om 'n rente vrye ooreenkoms oor 'n maksimum periode van 6 maande kan aangaan om die agterstallige skuld terug te betaal;

   2.2 Dat rente wat gedurende April, Mei Junie en Julie 2020 gehef was ten opsigte van die agterstallige rekening waarvoor daar reëlings getref word, afgeskryf word;

   2.3 Dat waar debiteure aanbiedinge maak aan die munisipaliteit vir die volle vereffening van ou uitstaande skulde (12 maande en ouer, dus skuld opgeloop tot 30 Junie 2019), goedkeuring verleen word dat die rente gedeelte op die rekeninge afgeskryf word; en

   2.4 Dat die bevoegdheid om uitvoering aan; 2.2 en 2.3 hierbo te gee, aan die Hoof Finansiële Beampte gedelegeer word.

*******

**BKN051/08/2020**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JULY 2020**
**12/2/2/21**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion and requested the Internal Auditor to verify information.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for July 2020.

*******

**BKN052/08/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**BKN053/08/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN054/08/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN055/08/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN056/08/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***